GR. 1-2018: AANSOEKPROSES

- Die aansoekproses open op 2 Mei 2017 om 08:00 en sluit om 24:00 12 Junie 2017.
- **Die aansoekproses MOET aanlyn gedoen word.**

  GDO-webadres vir aanlyn is soos volg:

  www.gdeadmissions.gov.za of www.gautengadmissions.gov.za

  LW: DIE AANLYN AANSOEKPROSES IS SLEGS VIR GR. 1- EN GR. 8-LEERDERS.

- Daar sal kontaknommers op die webwerf van die GDO wees indien u probleme met die aanlynproses ondervind.
- Indien u nie internet-toegang en/of rekenaar het nie, laat weet asb. Karén Reyneke per e-pos (karen@lsfairland.co.za) en die skool sal 'n rekenaar met toegang tot die internet beskikbaar stel.
- **Volg die instruksies en lees die inligting waarvoor die stelsel vra, noukeurig deur.**
- Nadat u aanlyn-aansoek suksesvol was, ontvang u 'n nommer van die rekenaar (begin met 'n WA of WB of WAB).
- U kan by verskeie skole aansoek doen, maar die stelsel gaan u slegs toelaat om een aansoek per skool te doen. U het kans tot en met 12 Junie om 12:00 om die stawende dokumentasie by die skole waar u aansoek gedoen het, in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek deur die GDO gekanselleer.
- Stawende dokumentasie wat ingehandig moet word:
  - Aansoekvorm van Laerskool Fairland **(beskikbaar op webtuiste vanaf 2 Mei)**
  - Geboortesertifikaat van leerder
  - Kliniekkaart
  - Afskrifte van ID.-dokumente: **Beide ouers**
  - Gewaarmerkte bewys van woon- en/of werksadres
  - Afskrif van nommer ontvang van GDO aanlynproses (Wat begin met WA of WB)

Wanneer u bg. dokumentasie by Laerskool Fairland kom inhandig, MOET u asb. ook aansoekvorm vir Gr. 1-2018 voltooi. Hierdie dokument is slegs om ouerinligting op rekord te hê.

VIR ENIGE NAVRAE: Stuur asb. **SLEGS** e-pos aan karen@lsfairland.co.za.

KORRESPONDENSIE AAN OUERS: **ALLE** korrespondensie rakende u aansoek vir gr. 1-2018, gaan **SLEGS** per e-pos geskied.